# Klein Sterretjies

SPEELGROEP



# Deeg (Lekker speelklei)

## Bestanddele:

4 Koppies meel
2 Koppies sout
4 Koppies kookolie
4 Teelepels kremetart
4 Koppies water
Voedselkleursel en – geursel
Kastrol en houtlepel

## Metode:

Meng die voedselkleursel en geursel by die water, anders gaan jou hande vlek.
Meng al die ander bestanddele in 'n kastrol en kook oor 'n matige hitte, roer gereeld met 'n houtlepel.
Verwyder dit uit die kastrol wanneer dit loskom van die kante.
Blinkers of ander teksture kan nou ingemeng word.

# Soutklei

## Bestanddele:

4 Koppies meel
2 Koppies sout
½ Koppie water
'n Groot bak
Blinkers

## Metode:

Meng sout en meel saam. Roer die water geleidelik by.
Haal die deeg uit en knie dit met jou hande tot dit glad is.
Voeg blinkers by.
Gereed vir peuters om mee te modelleer.
Bak die deeg stadig, in oond op matige hitte tot dit hard is.
Dit kan ook self hard word, neem dan net langer.

# Veilige Vingerverf

## Bestanddele:

2 Koppies meel
3 Koppies water
1 Knypie sout
Nog ongeveer 'n ekstra halwe koppie water
Vloeibare verf of voedselkleursel
Voedselgeursel

## Metode:

Meng die water en meel in 'n kastrol.
Roer al die bestanddele oor 'n matige hitte by tot dit 'n dik pasta vorm.
Die mengsel kan aan die begin klonterig wees, maar dit sal glad word.
Verwyder die hitte wanneer die mengsel van die kante loskom.
'n Knypie sout keer dat die mengsel bederf.
Kry die regte dikte deur die water geleidelik by te voeg.
Verdeel die mengsel in verskillende bakkies.
Voeg verskillende kleure voedselkleursel of vloeibare verf in die bakkies, tot die kleur na jou sin is.
Plaas in die yskas tot peuters dit gaan gebruik.

# Koeksoda-klei

## Bestanddele:

2 Koppies koeksoda / baking soda/ bicarbonate of soda
1 Koppie maizena
1.25 Koppies water

**Koeksoda-klei vir die maak van ouma se krale, klei-bakkies of enige oulike ornamentjie.**

## Metode:

Meng saam, plaas in n pot oor medium hitte.
Roer aanhoudend.
Die mengsel word dik en moet die tekstuur van "mashed potatoes" hê.
Laat afkoel.
Knie.
Hou lugdig tot gebruik.
Bak stadig,by nie meer as 100°c nie,
vir ongeveer 90min of tot hard.
Kan in die son ook gelos word tot hard.
(Klei droog uit in lug).
Verf soos verlang.